Openbaring 21:1-10 is ‘n wonderlike uitnodiging om ‘n bifokale of multifokale bril te dra wat ons wil help om nie net hierdie lewe en die uitdagings hier raak te sien nie, maar ook die moontlikhede en die wonderlike toekoms te sien wat God vir ons ingedagte het.

Die hartseer is dat ons baie keer a.g.v. al die slegte nuus en gebeure in die wêreld met al die seer en pyn van ons lewens bysiende word. Ons sien net die hier en die nou raak. Dit is asof ons met oogklappe begin leef. Hierdie kan soms oorweldigend wees



Reg deur die Bybel het mense die ongelooflikste slegste momente beleef en volhard omdat hulle geweet het daar wag ’n nuwe toekoms.

Wonderlike verhaal in **2 Konings 6:11-23.**

In die teks in 2 Konings 2 sien ons dat Elia die vermoë van God ontvang om die onsigbare nie net raak te kan sien nie, maar dit ook vir ander sigbaar te maak. Ons teks vertel die verhaal waar Elisa vir Gehasi help om God raak te sien in die konflik met die Arameërs. Elisa het gebid: "Here, maak tog sy oë oop, dat hy kan sien!" En die Here het geantwoord en Gehasi se oë oopgemaak vir die berg rondom Elisa wat vol perde was, en strydwaens van vuur!

Dit is ook ons rol. Om mense se oë oop te maak dat hulle kan sien. En dit was vir Elisa moontlik, want hy het naby hierdie God geleef, sodat mense later gedink het dat ook Elisa alomteen-woordig is, en selfs weet wat in die Aramese koning se slaapkamer gebeur! Elisa het egter ook die Here se barmhartigheid geken wat hy illustreer

met die ete wat hy vir die Arameërs in Samaria laat voorsit het, eerder as dat hy Israel se koning toe gelaat het om hulle dood te maak.

In die NT lees ons van Stefanus wat tydens sy steniging vir Jesus aan die regterhand van God sien. Hy het die vermoë van God gekry om verder te sien as die geweldige lyding en pyn wat hy nou hier op die aarde moes deurgaan.

Handelinge 7:55-56
55. Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het stip na die hemel **gekyk** en die heerlikheid van God **gesien**, en Jesus wat aan die regterhand van God staan. 56. En hy het gesê: "**Kyk**, ek **sien** die hemele geopen en die Seun van die Mens aan die regterhand van God staan."

Die Message vertaling sê: **Handelinge 7:55-56**
55. But Stephen, full of the Holy Spirit, hardly noticed - **he only had eyes for God**, whom he **saw** in all his glory with Jesus standing at his side. 56. He said, "Oh! I **see** heaven wide open and the Son of Man standing at God's side!"

Soms beleef ons ook intense lyding en pyn en wonder ons ook waar God is. Hierdie is nie nuwe vrae nie. Van die vroegste eeue af vra mense hierdie vrae.

'n Verhaal wat met telkens hieromtrent aangryp is die verhaal van die Switserse teoloog Karl Barth wat in 1946 pas na die tweede wêreldoorlog na Duitsland genooi word om met die mense daar te kom praat. Artikel vir artikel help hy mense om te verstaan wie God is. Hy wys dan hoe die belydenis dat Christus opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van die Vader 'n absolute sleutelrol in ons verstaan van geloof speel. Skielik praat die belydenis in die teenwoordige tyd en nie meer in die verlede tyd nie. Jesus is gebore, het gely, het gesterwe, het ter helle neergedaal, het op die derde dag opgestaan, het opgevaar. Alles verlede tyd. Maar skielik: Hy sit aan die regterhand van die Vader!"

Geloofsbelydenis:
(1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. (2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; (3) **wat** ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; (4) **wat** gely **het** onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf **het** en begrawe is, en ter helle neergedaal **het**; (5) wat op die derde dag weer opgestaan **het** uit die dode; (6) wat opgevaar het na die hemel en **sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader**

In die Ou Testament was God se regterhand reeds beeldspraak vir sy mag en vermoë om te doen, te doen wat Hy wil, om sy genade en liefde en geregtigheid en trou en verlossing te bewerk. As gelowiges in die Nuwe Testament daarom bely dat Jesus aan die regterhand van die Vader sit, dan is dit bedoel om te verstaan dat alle mag in die hemel en op die aarde in sy hande is. Dat Hy nou aan die regterhand van die Vader sit beteken dat Hy nou hier in hierdie omstandighede en tyd, alles in

sy liefde en genade, trou en geregtigheid vashou!!

Wat glo ons? Dat Christus wat die opgestane Here is, nie net 2023 jaar gelede vir ‘n rukkie iewers in Palestina geleef en gewerk het nie, maar dat hy nou nog onder ons leef en werk as Koning, Priester en Profeet! Hy is nou by ons teenwoordig! Dit is ook die boodskap van die Matteus Evangelie: “Ek sal by julle wees al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

Hierdie werklikheid word so goed verwoord deur James Finley:
As a person ripens in unsayable intimacies in God, they ripen in a paradoxical wisdom. They come to understand God as a presence that protects us from nothing, even as God unexplainably sustains us in all things. This is the Mystery of the Cross that reveals whatever it means that God is with us; it does not mean that God prevents the tragic thing, the cruel thing, the unfair thing, from happening. Rather, it means that God is intimately hidden as a kind of profound, tender sweetness that flows and carries us along in the intimate depths of the tragic thing itself—and will continue to do so in every moment of our lives up to and through death, and beyond.

God se oogkundige het vir ons elkeen ’n multifokale bril gegee om die toekoms te sien en daarom vandag besig te wees in sy koninkryk.

Ons praat nie hier van “toxic positivity” nie. ’n Begrip in die sielkunde waar jy alles probeer vermy wat sleg en verkeerd is. Die Bybel kom sê nie ons moet wêreld vreemd raak nie. Inteendeel – juis omdat ons weet hoe wonderlik dit eintlik kan wees motiveer dit ons nog meer om hier en nou die wêreld ’n beter plek te maak. En as ons moed wil verloor motiveer hierdie toekoms uitsig ons juis om te volhard. Juis omdat ons iets anders sien